# 28 Junie 2023 - Lesing 60 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Hulpverlening vanuit die heelal? – 15/2/58

**NO: 7043** Julle My aardse kinders, julle is bestem om die **hoogste graad van saligheid te bereik**, want julle, wie op hierdie aarde leef, moes deur die diepste dieptes heengaan, omdat julle julself as oergeskape geeste in hierdie diepste dieptes gestort het, wie egter nie deur My daarheen verban is nie.

En as julle julleself nou, - al is dit ook met My hulp, - uit hierdie diepste duisternis omhoog gewerk het en nou as mens die laaste gang op aarde moet aflê, dan hoef julle eintlike ek (jou siel) nog maar net die laaste wilsbeproewing af te lê, **wat julle lot vir die ewigheid bepaal.**

Hierdie wilsbeproewing vereis egter juis van die wese dat hy deur die diepste dieptes heen moes gaan, 'n geweldige verandering van sy denke en strewe van weleer, wat egter nou van hom ook besonder gewaardeer word, wat vir julle begryplik sal word wanneer julle daarvan in kennis gestel word dat My ander leerinstellings verblyfplekke is vir die geestelike wesens wie se val nie so eindeloos diep was nie en wie daarom ook nie so buitengewoon moet stry om weer in die sfere van die lig te kom nie.

Julle mense was dus buitengewoon belas gewees deur julle vroeëre afvalligheid van My. Julle "ek" - die eens gevalle oergees dus - moes daarom ook buitengewoon worstel - en ofskoon die langsame opklim plaasgevind het onder die wet van "jy moet", is die laaste vrye wilsbeproewing tog ook nog buitengewoon moeilik, maar nie uitsigloos nie. Want die genade van die verlossingswerk staan elke eens gevalle wese ter beskikking.

**En bowendien staan alle ligwesens julle almal by in 'n eindelose hoeveelheid**, wie vervul met liefde, alles sal doen om julle te help om korrek te beslis. En al is die voorwaardes op hierdie aarde dus hoe moeilik, dit kan tog nagekom word en die heerlikste loon wag vir hulle wat dit sal bereik.

Maar alles geskied binne die raamwerk van **My wetlike ordening.** Daar kan nie willekeurig hulp verleen word waar dit nie afgesmeek, of afgewys word nie. En so kan die ligwesens ook nie willekeurig hulp verleen nie, maar hulle sal altyd in ooreenstemming met My Wil werksaam wees. **Want My Wil is ook hulle wil,** sodra hulle hulself in die lig bevind. En My Wil bring hulle dus daartoe of verhinder hulle om te werk vir die welsyn van die siele wat op die aarde beliggaam is. Dit moet julle weet, dat Ek regeer en dat My Wil eerbiedig word deur al die geestelike wat My dien, **dus wie My Ligryk bewoon**.

En nou sal julle ook begryp dat ook die ligwesens elke dwingende invloed agterweë sal laat, omdat dit nie volgens My Wil is nie, want Ek verlang 'n wilsbesluit in vryheid. Ewemin as wat Ek die mense sal dwing om My Woord aan te neem, wat hulle die hoogste liefde- en genadebewys toegestuur word, as sterkste hulpmiddel vir die vrye wilsbesluit is, **ewemin sal Ek My toestemming gee dat My Ligbodes dwingende bewyse van hulle werksaamhede aan die mense gee**. Hulle sal dit ook nooit doen nie, omdat hulle My liefdes- en verlossingsplan ten duidelikste insien en ook weet dat deur dwang en bewyse geen sukses behaal kan word nie.

Dit sou egter 'n bewys wees van buiteaardse werksaamheid, **as uit die heelal wesens met die aarde kontak soek (**aliens**) wat sogenaamd in My opdrag vir julle hulp sou bring.**

Hulp in aardse nood kan slegs Ek julle bring en hulp in geestelike nood geskied nie op 'n manier wat tot geloof dwing nie. Hulp in aardse nood - wat dit ook al is - kan wel ook deur My Ligwesens uitgevoer word, maar **nooit sal hulle hulself vir sulke hulpverlening voor julle sigbaar materialiseer nie**.

Want die Ligwesens het sulke materialisasie nie nodig nie en bowendien weet hulle dat die mense nie op hierdie manier beïnvloed mag word nie, sodat hulle **gedwing word** om aan boaardse wesens en in 'n boaardse mag te glo nie. Sodra julle mense hulp verwag, kan dit ook aan julle verleen word, maar altyd onder die voorwaarde dat julle geestelike arbeid sal aanvaar en dus ook geestelike inwerking sal toelaat, **maar dit sal nooit vir julle op 'n sigbare manier gebeur nie**.

En as julle nou glo dat die aarde as sodanig die beskerming en die hulp van die geesteswêreld nodig het, - as julle glo dat die vernietigende invloed deur menslike wil, deur hierdie ligwesens verhinder of afgeweer sou kan word, dan word julle deur hierdie geloof van hulle hulp verseker, maar nooit op die wyse dat bewoners van ander wêrelde julle hierdie hulp sal verleen nie, dat hulle aan julle gestuur sou word om My Wil uit te voer. Besef tog hoe klein julle julle God en Vader daardeur voorstel, dat Hy hierdie sterrebewoners sou nodig hê om julle onder Sy hoede te neem.

En bedink ook wat hierdie bewoners van ander sterre is. Dat hulle hulself ook in 'n opgaande ontwikkeling as geestelike wesens bevind, wat sekerlik ook as My skepsele eenmaal salig sal word, - wat deur 'n diep verlange onophoudelik gedryf word om nader aan God te kom, - wat egter steeds in die omgewing van die hemelliggaam sal bly, waarop My Liefde en Wysheid hulle geplaas het. Wel kan alle goeie wesens die uitstraling van hulle gedagtes stuur na die worstelende, ongelukkige wesens in die heelal en sulke uitstralings van gedagtes kan wederom as krag die wesens aanraak. Maar om hulle sfere te verlaat, kan die wesens nie en hulle hoef ook nie, want Ek het engele en ligbodes in 'n eindelose aantal, wat elke afsonderlike hemelliggaam waarlik op die beste wyse versorg.

En elke afsonderlike hemelliggaam het ‘n onuitputlike toevloei van krag - My Woord, wat oral weerklink, - dat soos die uitstraling van My Liefde ook die krag het om vir elke afsonderlike wese, - vir elke eens gevalle oergees, die terugweg tot My moontlik te maak. Word die Woord van My egter nie benut nie, word daar op My Woord geen ag geslaan nie, dan bewys die wese nog sy weerstand, **wat ook nooit met geweld gebreek sal word nie**, - ook die engele kan dit nie breek nie, selfs al sou hulle na die aarde toe afdaal. Tensy hulle hulself so openlik as My afgesante sou kenbaar maak, sodat ‘n geloof deur dwang bereik sou word, wat egter nooit My Wil is en ook nooit My toestemming sou kry nie.

As julle mense nou glo om in verbinding te kan tree met bewoners van ander wêrelde, dan wil julle julself daardeur, met ander woorde, **‘n bewys verskaf dat hierdie wêrelde bewoon is**. Maar as julle gees ontwaak is, sal julle dit egter ook weet **sonder bewys**.

As julle egter nog nie geestelik ontwaak is nie, - staan julle nog heeltemal ver van ‘n geestelike strewe af en van die kennis oor die doel en die bestemming van die skepping, dan sou ook hierdie bewys julle nie op die geestelike weg bring nie, julle sou dan maar net aardse ondersoekinge onderneem en geestelik niks bereik nie. Reeds daarom sal die ligwesens hulself nooit aan julle mense bekend maak en julle deur “mededelinge” inligting laat toekom wat nie met My verlossingsplan van ewigheid ooreenstem nie.

Want die doel wat bereik moet word, is geensins onbelangrik nie en alle geestelike wesens wat vol lig is, wat in My opdrag werksaam is, om julle mense in hierdie tydjie van die einde te help, **sal steeds net die geestelike welslae nastrewe**, dat die mense hulleself na My sal wend, hulle God en Vader van ewigheid, sodat hulle hulself kan losmaak van die wêreld, wat aan My teenstander toebehoort, - sodat hulle die hoogste doel kan bereik op aarde en in alle wilsvryheid die laaste proef kan aflê, om weer hulle oertoestand te kan binnegaan, wat hulle onmeetlike saligheid in lig en krag en vryheid sal bring. Amein.